Facilitator: Basies wat ek gaan doen uhm ek wil elkeen van u net baie dankie sê dat u gekom het na die sessies toe. Uhm, soos u verstaan, uhm, uhm, en soos ek met u kontak gemaak het individually ook, uhm het ons gefocus dat dit is 'n uh Parent Support Programme vir ouers wie se kinders nie meer in hul sorg geplaas is nie. Soos ek vir u-hulle gesê ook individually is in terms van uh ons se kinders is mos nou weg gevat van ons, en as social workers focus ons baie op foster parents en die foster kind. Hulle gaan altyd op outings en ons spend baie time met hulle, maar ons tend om te vergeet van die biological parent. Uhm, en darem die purpose is om uit te vind hoe u voel while die kinders nie in u sorg is nie, en uhm basies wat dit beteken dat die informasie wat ek hier gaan kry gaan ek in 'n studie gesit word uhm, en ons gaan daar uit kyk watter findings ons gaan kry. Maar dan wat ons ook gaan doen is, die groep gaan ook volgende jaar by die werk aangestel word. So wat dit ook beteken, ek gaan weer groep sessies soos dit reg deur die jaar het, based op wat u-hulle sê. Uhm, en u-hulle is mos single ouers, so u is die mense wat die knowledge het van wat aangaan eindelik. Okay, so basies wat ons gaan doen is uhm, die eerste sessie fokus op weer op die emotional en uhm, financial support wat u as ouers het, ek sal in detail meer gaan van wat dit gaan wees, en dan die tweede sessie fokus op die self-esteem en in terms van seperation. Kyk baie uhm ons, as ons kinders van ons weggevat is, dan is ons self-esteem laag. My kind bly nie meer by my nie, en wat dink my familie van my, wat dink die mense van my. Mense dink miskien ek is 'n swak ouer, ek kan nie reg na my kinders kyk nie, alles tas mens se self-esteem aan, maar u-hulle kan beter relate. Dit is basies wat ons gaan doen; en die seperation session focus op, my kind is nie meer by my nie, uhm wat gaan ek nou doen, uhm hoe gaan ek voel oor as my kind moet terugkom, en daai tipe questions. En dan die derde sessie focus op die re-unification en coping strategies. Ons se kinders is miskien nou terug by ons, en nou in die derde sessie, hoe gaan ek deal met my kind wat terug is by my. Uhm miskien is daai probleme nie opgelos daai tyd nie, in terms van toe my kinders verwyder is nie, hoe gaan ek deal as Candice terugkom, hoe gaan ek deal as Iekeraam terugkom en daai tipe van ding. Uhm, en hoe gaan ek cope; wie gaan vir my help; is my familie daar vir my, vriende, partners daar vir my, daai tipe ding; en dan net die laaste sessie focus op parental empowerment. Omdat ons self-esteem so laag is moet 'n mens vir u-hulle weer so empower, alles is okay, alles sal oraait kom. U kinders is mos nou vir meer as sewe jaar, soos u sê, die twins uit u sorg uit, en daai tipe van ding, uhm, kyk u moraal is miskien laag en u wil mos u kinders terug hê. Dit is net meer om vir u te encourage, te empower, u kan dit doen; en u kinders gaan terugkom. Want foster care, ek sê altyd vir die biologiese mammies. Foster care is nie 'n permanente ding nie. Foster care is all about returning the children eventually to the biological parents. Dit het ek al seker vir u gesê ook, toe ons individual sessies gehad het. Daarom wat ek vir u sê, as u kinders in foster care is, dit beteken nie hulle gaan vir ewig daar bly nie. Die circumstances van u moet ook improve om te ensure dat daai kind terugkom kom na u toe. Okay? Is daar enige questions wat u wil vra voor ons begin. Enige vrae? (stilte). Okay, uhm. Om net die ball aan die rol te kry, gaan ons eers 'n ice-breaker doen, ek dink nie almal ken mekaar nie. Né? U-hulle ken mos nie mekaar nie. So net om die ys te breek. Kyk, hier is 'n bietjie anxiety. Daarom gaan ons so 'n name-game speel. Die game se naam is name-game sodat ons net mekaar se name leerken. Ek weet som van u-hulle het met mekaar gesels in die combi, en u (L.G.) het nou vir haar (Marie) baie gehelp met die baby. 'n Mens waardeer sulke dinge. So uhm, as ons net die name-

game kan speel om die ys te breek. So, wat ons gaan doen, ons gaan in 'n sirkel staan, ek gaan miskien die ball gooi na Sharon toe, dan moet sy net sê haar naam is Sharon. Uhm en dan moet Sharon ook net sê uhm, watter hobbies sy het, en net wat is jou expectation van die groep. En dan pass Sharon die ball na Shamiena toe, en dan so gaan dit aan. Verstaan julle wat ek try om te sê. So kan ons nou net die circle maak. Okay, verstaan mos wat ons gaan maak. Ek gaan miskien die ball kry en sê my naam is Jaylene Davids, ek hou van swem en gym ook. My expectation in die groep is, ek sal lyk om meer te leer hoe om te deal met my kinders, hoe om my moraal op te beur:

Icebreaker:

- * **S.V.**: Ek is die ma van Candice. Ek is hier by die sessies om te leer miskien hoe om te cope met haar, want ek kan regtig nie cope met Candice nie. En sy was so in soveel Homes, by 'n reform school, maar ek kan regtig nie cope met haar nie. Want ek hoop maar om iets te leer, hoe om haar beter te handle. Ek hou van die buite lewe, braais en uitgaan, en films kyk, daai is omtrent al.
- * **I.T.**: Ek hou van stokperdjies soos uitgaan, en die kerkgroep. Ek geniet dit en ek hou van lees ook. En my verlange is dat ek graag my kind wil hê, dat ek vir haar kan wys watter moeder ek vir haar sal wees, en daardie morale sal toekom wat sy makeer in haar lewe.
- * **S.P.**: My kind se naam is Iekeraam Prinsloo. My stokperdjies is sing, dans, uitgaan. En uhm, ek is bly dat Iekeraam weer terug is na my toe. Ek wil daar wees vir hom. Ek wil net weer sy moeder wees, because daar was 'n tyd toe hy weg gewees het, het ek hom baie verlang (huil).
- * **L.G.**: Uhm, goeiemore, ek is bly dat julle almal hier is. Ek is die moeder van Rochelle en Ronel Griffiths. Ek sal baie bly wees as hulle terugkom na my toe. Ek sal hulle al die liefde gee wat ek hulle nie kan gegee het nie, en my hobbies is uitgaan, televisie kyk en lees. Uhm, dit is al wat ek kan sê.
- * **R.J.**: My baba se naam is Canfa Jacobs. My stokperdjie is modelling, ek speel met my kinders games. Al wat ek sal lyk as my kinders terugkom kom na my toe, daai is my verlange, want elke aand en elke oggend bid ek vir hulle om terug te kom. Baie dankie.
- * **V.A.**: My kind se naam is Feroza Abrahams. My verlange is dat Feroza altyd teen my sy sal staan. Sy is nooit daar as ek haar nodig het nie, maar ek kyk nog altyd vorentoe na die sessies by gaan woon. Daarom wil ek altyd 'n sterk moeder is vir Feroza.
- * **M.O.**: Ek staan van more hier. My hobbies is televisie kyk en uhm uitgaan en daai. En ek sal 'n moeder wees vir my kinders.
- * **B.M.**: Goeiemore. Ek is die moeder van Cynthia. My hobbies is, ek hou van hardloop, stap, ek hou ook van om met mense te wees. En ek sal ook hou daarvan dat my kinders ook eendag terug is in my sorg. Ek verlang hulle. Ek wil hulle so graag teen my hou, hulle druk teen my en hulle al my liefde gee wat ek nie kon gee vir hulle nie. En dat hulle so elke dag na aan my hart kon wees. Dankie.

Facilitator: Okay, ek wil vir elkeen baie dankie sê wat hulle deeltjie gedoen het. Uhm, ek hoop u-hulle kry so 'n picture van elkeen se name, hobbies en wat elkeen se verlange is in terme van hul kinders. So wat ons basies hier uitvind is dat elkeen 'n similarity het, elkeen se kinders is verwyder uit hulle sorg uit. En so gaan ons mekaar opbeur. U-hulle is die mense wat die knowledge het. Kyk, u is die mense wat die experience het. Ons kan miskien net help met die knowledge, maar u-hulle is die mense wat first-hand knowledge het wat aangaan, want u-hulle is in daai situasie. So basies wat ons gaan doen, ek hoop wat ons hier gaan leer, gaan leersaam wees. Ek sal nie alleen die praatwerk doen nie, maar ek sal lyk julle moet ook die praterij doen, en wat u-hulle dink en voel, sodat u ons kan help as social workers, om ons 'n picture te gee wat u deurgaang. Sodat ek ook soos ek in individual sessies gesê het vir julle social workers 'n report kan gee oor julle as individual persons. So ek hoop u-hulle gaan die sessies geniet. Dankie, julle kan nou maar sit.

Basies voordat ons begin gaan ons eers kyk na 'n kontrak. Soos ek vir u-hulle gesê het gaan die groepsessies strek oor vier weke. En vandag fokus ons op die topic emotional and financial support - support van die familie; asook financially - werk ek? Is ek unemployed, ontvang ek 'n child support grant. Tweede sessie fokus op ons self-esteem en ook separation. My familie dink miskien ek is 'n swak parent, en ek kan nie na my kinders gekyk het nie. Separation - hoe deal ek met my kind wat vir sewe jaar in pleegsorg is. Ek glo ek is 'n goeie parent, maar hoekom kan my kind nie terugkom nie. In terms van re-unification and coping strategies - S.V. het genoem van Candice wat dan huis toe kom en dan weer weggaan, hoe cope ek met my kind wat miskien terug gaan kom. Die laaste fokus op Parental Empowerment - om u-hulle te empower dat u nie 'n bad parent is nie. Mens kan improve op ons circumstances en mens kan dan ook mens se kind terugkry. Dit is 'n jammerte dat ons werk se videomasjien is stukkend. Daar is 'n video wat ek wou wys van biological parents van Bonteheuwel, hulle kinders is uit hulle sorg uit, hoe hulle cope. Ek wil ook as gasspreker 'n enkelouer inbring, wat u-hulle soort van empower - is okay om 'n single parent te wees; 'n mens kan dit maak in die lewe, en hoef nie getroud te wees as 'n parent om support te kry nie. As ek 'n single parent is, ek kan miskien my kind alleen deur die lewe bring. En wat ek ook wil doen, omdat u die sessies gaan bywoon voel ek net om soort van 'n appreciation te show, 'n certificate vir u te wil gee, om te bewys dat u 'n Parent Support Programme bygewoon het, sodat u social workers ook kan kennis dra dat u die sessies bygewoon het. Dit word baie benodig wanneer ons as social workers elke twee jaar Regulation 15 reports skrywe. Daai beteken verslae skrywe oor die omstandighede van die biologiese ouers. Die certificate is ook 'n bewys dat u doen iets om u situation te improve. Is daar enige questions wat u wil vrae. Enige vrae?

Facilitator: Kom ons fokus op sessie 1. Basies, sessie 1 fokus op emtional en finansiële ondersteuning.

B.M.: Ek wil iets vra...

My kind is nou weggevat uit my sorg uit vir die afgelope vier jaar. En vir die afgelope vier jaar het ek geen kontak met my kind nie. Hier binne my voel ek seer, want my kind is nou weg. Ek het die verlange om my kind in my sorg terug te hê. Elke keer as ek kinders sien, dan dink ek aan my kind. Dit maak my verder seer, dit breek my verder af, om te dink ek het 'n kind, maar sy is buite my bereik. My verlange is so groot. Nou neem ek my toevlug na drank toe, want ek gaan vergeet, dit laat my vergeet. As die maatskaplike werker en pleegma my net toelaat om een keer of twee

keer in die week my kind kan sien, kontak kan het met my kind, dan sal dit nie so erg is nie. Nou is daar geen kontak met my kind nie. Wat staan my nou te doen?

Facilitator: Okay, ons gaan die sessie leer om sulke dinge aan te pak. U sê mos nou dat vir vier jaar is u kind in pleegsorg, en praat mos nou in terme van kontak. 'n Mens moet nou kyk in terme van pleegsorg, as 'n kind in pleegsorg is, ons moedig altyd die biologiese ouers aan, gaan maak kontak met jou kind. Dit depend van die biologiese parent af of sy kontak maak, want dit gee vir jou as maatskaplike werker 'n indication: as jy nie gaan kontak maak met jou kind nie, dan dink ons watter parent is die dan, hulle stel nie eers belang in die kind nie, hoe kan hulle expect om hulle kind terug te kry. So dit is vir jou as biologiese parent om kontak te maak met jou kind. En pleegouers kan nie eintlik vir jou wegwys van jou kind nie. Dit gaan beteken dat jy geregtig is om kontak te maak met jou kind. Die kind het die reg om te weet wie is my biologiese ouer, en foster care is soos ek gesê het, all about returning the children eventually to the biological parents. Dit beteken ook dat die biological parents ook 'n effort moet maak om te gaan visit en moeite doen on hulle circumstances te improve sodat kinders eventually terug kan kom in hulle sorg in.

Dit is goed dat jy begin het B.M.. Miskien moet ons net uitvind die redes vir die kinders se verwydering. So, Marie as jy kan miskien 'n indication gee toe Ricardo en Alka uit jou sorg geneem was. Wat was die rede en hoe jy gevoel het.

M.O.: Die rede hoekom Alka en Ricardo uit my sorg uit weggevat gewees het, want ek het te veel gedrink. Elke dag gedrink, vergeet van my kinders. Toe later van tyd toe het ek en my boyfriend altwee opgestaan en gesê: Nee, ons moet nou stop, en kyk waar is ons kinders. Ek is heelwat 'n ander mens. Ek sal 'n ma wees vir hulle. Ek sal my kinders enigiets gee wat hulle vra.

L.G.: Die rede hoekom my kinders weggevat is van my is, voorheen was dit die vader en ek het nog nooit kontak gekry met hulle. As ek altyd kontak maak met hulle, dan voel dit altyd vir my ek is daar waar hulle nou in pleegsorg is, voel nou ek is in hulle pad. Hulle as pleegouers voel dat ek gaan my kinders kidnap en so, maar soos ek voel wil ek nie doen nie, because ek weet waar ek gaan sit as ek dit gaan doen. Soos nou twee maande terug het ek my skoonpa verloor, toe was hulle daar gewees. Die oudste meisiekind was bang gewees vir my. Sy was altyd die ene wat na aan my was. En, soos die begrafnis aangeloop het, het ek gesien dat die pleegouers sien nou die moeder is daar en die vader is daar, hulle gaan maar nie worry nie. Ek en my suster is die naaste aan hulle twee. Die kinders het die hele plek rond gehardloop. Toe dink ek vir myself ek is moeder, daar is pa, ek gaan hulle nader aan my hou. Toe ek huis toe gaan, toe voel die kinders hulle wil saam met my huis toe gaan, maar dit kan mos nou nie gedoen het nie. Of as ek kontak het, miskien bel, dan sê die pleegouers altyd hulle gaan hiernatoe of daarnatoe, dan is dit einlik nie die waarheid wat hulle praat nie, maar net om vir my 'n kop aan te sit. Dan worry ek ook nie verder nie. Ek gaan nie eintlik meer daar nie, tot op die pa gaan nie meer daar nie. So ek sal bly wees as ek hulle kan terug kan kry, om alles vir hulle te gee. Dit is al wat ek kan sê.

S.V.: Die rede hoekom Candice weg is van my, want sy was 'n problem child. Sy het met gangsters bymekaar geraak, want daar waar ek bly is daar baie gangsters. En sy wou nie skoolgaan nie. Sy het begin goed steel en so aan. En ek het al different social workers, School of industries in Wellington, wat ver is en ek moes elke week of

tweede weekend by haar gaan kuier. Dit het baie geld gekos, en die taxis charge vir jou as jy so ver wil ry, en daar het dit ook nie uitgewerk nie want sy wou een van die juffrouens aangerand het met 'n glas en toe het sy in die hof verskyn daarvoor, en hulle het haar toe gestuur Faure toe in die Eerste River. Daar het dinge nie uitgewerk nie. Candice wil nie regkom nie. Nou June toe sy terug moet gaan skool toe, sy wou nie teruggaan nie. Die social worker het gesê dat ons haar net moet los, die psychologist by die skool het gesê. So ek weet nie waar sy slaap nie, sy gebruik drugs en rook buttons. Nou kort toe sy by die huis was toe, toe was haar oog net so dik, toe het hulle vir haar aangerand seker in die Centre. Sy is al 'n maand weg al, ek weet nie eers waar sy is nie. Dit is 'n baie bitter pil om te sluk vir 'n ma, en sy is sestien jaar oud. Ek weet nie, daar is niemand wat my kan help nie. Soos Shanaaz het my gesê, los haar net. Sy is ver in die system soos Shanaaz sê daar is nie 'n verder plek om haar te stuur nie. En haar ouderdom, sy is al sestien jaar oud. So, ek weet nie wat om te maak met daai kind nie.

V.A.: Die rede hoekom Feroza in die plaas skool gelaat is omdat sy verkeerde vriende opgemaak het, en die rede dat ek haar toe weggestuur het, dat sy 'n beter persoon kan wees, maar sy het teruggekom. Sy het my gewys sy is 'n betere persoon. Agter drie dae toe wys sy vir my nee, ek is nog dieselfde mens, ek gaan nog waar ek wil en ek doen nog wat ek wil, en mammie gaan my nie sê nie, dan kom sy terug dan sê sy sy het nie geselskap gehou met die vrinne gehou nie. Ek het ook nie smokkel yard toe geloop nie, maar die dinge het nog aangegaan in die agterkant. Haar susters en broers het gesien sy doen nog dieselfde dinge, en ek het meer gekeer dat sy met die verkeerde geselskap in toom is, en toe agterna toe besluit sy maar by haarself sy gaan begin te weghardloop, want ons hou haar te veel dop, haar susters het haar dopgehou, ek en haar broers, toe besluit sy nee ek gaan maar die pad vat. En ek het weer ingekom en dit report, maar sy het nie kop gegee vir my nie. Sy was soos 'n kind, ag praat jy maar, ek doen wat ek wil doen en wat vir my reg is. En ek het altyd met haar gesit en gesels as haar broers en susters slaap, en vir haar gesê, but Feroza sê vir my vanaand hoekom maak jy sekere probleme, dan het sy nie 'n antwoord vir my nie. Toe sê ek vir haar ek gaan so uit my pad vir jou, maar jy is nooit daar om my hart vir my te troos nie, soos ek joune kan troos op enige hoek en draai. As jy probleem buite opgetel het dan het ek daar gewees vir jou, maar jy kan nooit daar vir my is nie. Toe het sy net besluit dat ek vir haar skool toe gestuur het om haar pad te kies weg van die huis is. Sy is nou 'n maand en twee weke weg van die huis af.

R.J.: My baba is nou drie maande oud. Om rede hoekom sy van my weg is, is omdat ek nie 'n vastige blyplek gehad het nie. Maar nou op die oomblik het ek my eie plot gekry. My verlange is dat sy moet huis toe kom, whatever. Ek kan haar nie besoek nie omdat ek bly in Heinz Park alleen, en dit is gevaarlik. Ek het 'n casual job wat ek werk vir iemand. Ek rent furniture uit en help hulle. Ek kry elke maand 'n inkomste maar ek kan tot by haar kom nie, om rede dit is gevaarlik, hulle breek deur die dag in. As ek uitgaan dan kan ek net tot by die Town Centre gaan en weer terug met die taxi huis toe. My verlange is om haar te sien, ek mis haar en bid elke aand. Daar is nie 'n dag wat my trane nie rol vir haar nie. En dan het ek nog vier kinders wat by my ma is. Ek kan nie by my ma se huis staan nie dan jaag sy my weg, om rede omdat ek fight vir my baby. Sy sê sal enigiets doen dat ek nie die baby terugkry nie, dat dit familie is van haar. Ek kan nie tot by my auntie gaan nie. My ma gaan daar en ek weet nie watter gesig ek gaan kry nie. Ek het eendag gephone vir my baby van 'n selfoon, toe sê hulle my baby is nie daar nie, amper soos hulle nie wil hê dat ek my baby moet kyk

nie. Al moet hulle haar week-ends net bring. My ander baba het verjaar die 6de Oktober. Sy het chips gekoop vir haar maar hulle het nie eens dit gegee nie. My kind het gesê: "Mommy, I love you". Toe vra sy waar ek bly. Sy het gesê dat my ma net vir haar gesê ek het weggehardloop van die huis. Toe sê ek vir haar dat ek bly op my eie plek, en mammie gaan hulle weer haal en julle gaan weer by my wees. Wanneer my ma naby is dan is die kinders bang om te praat, maar wanneer ons alleen is dan hardloop hulle na my toe. Baie dankie.

I.T.: Die rede hoekom my kind van my af weggevat is, ek het haar net gelos by die vrou waar ek gebly het en ek het net weggegaan en weggebly, en het nie teruggekom huis toe nie. En die rede hoekom dit gedoen het, is nie lekker om alleen 'n kind groot te maak nie. Die pa het nog nooit die kind onderhou nie. Toe het ek hier en daar gewerk om vir haar aan die lewe te hou, om vir haar groot te maak, op te groei. En ek toe teruggekom en vir my is dit nie meer so seer, want ek sien haar nou, en sy slaap elke aand by my. Ek kan nou met haar praat. Nou kan ek voel en vir haar daai liefde gee wat ek nie vir drie jaar vir haar gegee het nie. Nou kan ek dit vir haar gee. Sy is baie gehoorsaam vir my. Sy sal altyd luister as ek met haar praat. En ek is bly dat ek nou by haar is en vir haar sien. Ek sal glo hoe die mammies voel wat nie hulle kinders sien nie. Ek sal verstaan hoe hulle voel want ek het sommer begin drink, en dit is nie lekker so nie. Jy drink om te vergeet. Soos die mammie ook gesê het, jy moet drink om te vergeet, maar as die wyn uitgetrek het, dan kom daai hartseer, want ek mean dit is nie lekker nie. My verlange is, ek wil my kind terug hê in my eie sorg, en ek wil op my own wees saam met my kind. En ek voel dat ek sal kan werk vir haar, want ek het al die jare gewerk vir haar en ek sal kan cope. Ek probeer nou ontslae te raak van die alcohol. Ek begin nou reg te kom. Dankie.

S.P.: Ek is S.P., Iekeraam se mammie. Die rede hoekom hy van my weggewees het (stilte - mammie huil) ek was weg met vrinne en het ... (huil aanhoudend).

Observation: Nog mammies huil saam - kan relate. Een mammie het S.P. vertrous.

Facilitator: Basies wat ons nou agterkom, dit is 'n pressing situation om jou kind weg te het van jou. Elkeen van u kan identifiseer met wat aangaan. I.T., jy is nou gelukkig, want jy bly by die foster mammie in een huis. Dit is nie altyd dat foster mammies biologiese ouers sal laat bly in hul huis nie. So u het die priviledge om u kind elke dag te sien omdat u bly saam met haar. Ander mammies soos R.J. en L.G.-hulle het nie die voorreg om hulle kinders te het by hulle nou nie. En especially as jou kind 'n paar maande was toe jou kind weggevat was by jou. L.G. se kind is van 'n paar maande weg van haar en die kinders is nou nog in pleegsorg en dit is twins wat sy het wat sewe jaar oud is. So 'n mens gaan deur baie dinge. Dit is nie 'n lekker gevoel nie. Daarom dit is belangrik dat ek dit neerskrywe sodat social workers kan weet wat biologiese ouers deurgaen. Ons het nou van elkeen gehoor die rede vir u kinders se verwydering. Elkeen se situasie is unique, maar ook similar in die selfde tyd. Die verlanges wat uitkom is dat u-hulle u kinders wil terughê, en dit maak nie vir julle bad ouers nie. Dit is net dat die circumstances different is. Stelselmatig, glo ek dat dinge sal okay raak vir u-hulle.

In die eerste session wat ons gaan doen is focus ons op die emosionele en finansieële ondersteuning wat u-hulle kry, is daar support vir u-hulle, of is daar nie support vir u-hulle nie. Van elkeen het ek so agtergekom of elkeen support het. Byvoorbeeld, R.J.

kry nie nou op die oomblik support van haar ma-hulle op die oomblik nie.

Daar is sekere open questions wat ek gaan vra dan sal ek van u-hulle lyk om te weet wat is u-hulle se opinie is van dit okay?

So die eerste question wat ek vra is, omdat u-hulle enkel ouers is, u het genoem dat u u kind self grootmaak het (I.T.), wat dink u is 'n enkel ouer? Enige een?

R.J.: 'n Enkel ouer is 'n ma wat ma en pa staan vir haar kind, wat alles moet doen en sorg vir alles.

Facilitator: So 'n enkel ouer is eintlik 'n persoon wat pa en ma moet staan vir haar/hom kinders. Dit is difficult as enkel ouer, want u kan relate. Jy het begin drink I.T. omdat jy alleen jou kind begin grootmaak het, en die pa wou nie support het nie.

Facilitator: Wat dink julle veroorsaak dat 'n mens 'n enkel ouer word. Enige idees. Hoekom dink julle is sommige mense enkel ouers. Hoe raak hulle enkel ouers?

L.G.: Om 'n enkel ouer te word is, is wanneer jou kind weggeneem word van jou en jy moet nou sien en klaar kom, hoe jou kind by jou gaan uitkom ensovoorts.

B.M.: Wanneer die persoon geen man het nie. Die man het haar verlaat en dan moet jy ma en pa staan vir daai kind, want daar is geen man om te help nie.

I.T.: Om 'n enkel ouer te wees, baie van ons voel om alleen op ons eie bene te staan. Ons wil op ons own wees en baie van ons wil mos nie trou nie en sien liever kans om 'n enkel ouer te wees.

Facilitator: So u-hulle kry nou 'n idee hoe 'n mens enkel ouer word. Van julle het gesê dat jou kind word weggeneem van jou. So twee support systems is weggeneem van jou, jou man asook jou kind. Of, soos B.M. sê jou man het jou verlaat. Som mense choose om enkel te wees. Som mense voel net om nie te trou nie. Ek wil net repeat dat daar nie 'n reg of verkeerde antwoorde is nie. So u hoef nie om te vrees nie. Ons leer almal van mekaar.

Facilitator: Wat dink u-hulle is die voordele van enkel ouerskap. U verstaan mos die vraag?

B.M.: Jy voel jy is baie gelukkig om alleen te wees met jou kind. Jy voel jy en jou kind kan maak en doen wat julle wil, kan gaan en kom wanneer hulle wil, daar is niks wat julle vashou nie. Jy het meer vryheid.

R.J.: 'n Ma gee meer aandag aan haar kind. 'n Pa is nooit daar om aandag te gee nie. Hy sal miskien rondloop met sy vrinne, brag en sê die is my kind en hoe groot is sy. Maar 'n ma is die een wat moet struggle, moet sorg dat die kind eet en skoon is. Die pa is niks geworried waar die kind. As 'n persoon vir pa sê die kind iets verkeerd gedoen het dan roep die pa die kind in en slaan hulle, maar 'n ma sal 'n kind in en uit vra. As 'n ma 'n kind tug dan moet sy waarom en hoekom sy die kind tug. Dan moet sy sommer die kind hug en liefde gee, sodat die kind kan weet waarom en hoekom sy daai ding gedoen het.

Facilitator: U-hulle het mos nou gehoor die voordele, wat dink u-hulle van die freedom-storie, wat ook kies om single te bly.

I.T.: Ek verkies om single te bly, want ek het na baie mense se lewens gesien, watter lewens hulle moet deurgaans met hul mans. En dit is nie my verlanse om eendag dit deurmaak nie. Dit is my verlanse en niemand kan dit van my wegvat nie.

S.P.: Dit is beter om single te wees, rather to be alone than unhappy. Jy kan maak wat jy wil, daar is niemand wat vir jou kan sê nie sy moet nie dit of daai doen nie. Daai is al.

Facilitator: Powerful goed wat uitgekóm het.

Nadele:

S.V.: Vir my is enkel ouerskap nadelig. Met Candice is dit nadelig om 'n enkel ouer te wees, want sy is 'n baie hardkoppige kind en ek is verseker dat as haar pa daar gewees het en my kan gehelp het met haar. Hy is 'n baie streng persoon. Ek is verseker sy sou beter uitgedraai het, want ek kan nie vir haar gehandle het nie, en haar pa sou, ek is verseker, hy sal kan gehelp het dat sy nou af van die strate en drugs saam met die gangsters. Daai dinge sal hy sekerlik mee kan gehelp het en verhoed het dat sy so uitgedraai het.

M.O.: Al wat ek kan sê om 'n ma te wees is jy moet 'n klomp dinge gaan om 'n ma te wees. Jy moet sorg dat jou kind geëet het, skoon is, jy moet sorg dat alles reg is aan hom. Dit is al wat ek kan sê.

Facilitator: Baie van u-hulle se fokus was op freedom en baie van u-hulle het gepraat van die nadele van enkel ouerskap. Daar is 'n lack of support van die pa se kant, want pa's is mos streng en kinders is meer bang vir hul pa's as vir hul ma's. In u situasie, S.V., het jy mos genoem dat Candice meer different sou react het as daar 'n pa in die huis was, in plaas van hoe sy nou lewe en net maak en doen wat sy wil. Die fokus wat uitkóm is dat ma's is eindelijk, ek sal nie sê pa's is nie belangrik nie, ma's is eindelijk die belangrike persoon in die huisgesin, want sy is die een wat na die kinders moet omsien en somtye as die partners daar is, dan moet jy nog na hulle ook kyk.

Facilitator: Nou wil ek net fokus op die emotional support, is daar support wat u-hulle kry. Waar kry u u support vandaan? Vriend, familie wat u nou deurgaans op die oomblik.

B.M.: Op die huidige oomblik is my kinders nou weggeneem van my af. Ek het my toevlug geneem na drank toe. Daar is niemand wat vir my support nie. Ek het niemand wat vir my omgee nie. Menigmaal dan kry ek myself staan ek buitekant en maak 'n geraas daar waar my kinders is. Ek vloek en skel daai vrou uit waar my kinders bly. Niemand gee om vir my nie. Hulle sien nie my needs nie. Ek het 'n need om my kinders te hê. Dus, daar is geen support wat ek van niemand kry nie.

M.O.: Daar is elke dag vir hulle. Daar is wat gee en daai. My vriend of so aan. Daar is geen probleem met daai (support) nie. Dit is al wat ek kan sê.

L.G.: My support kry ek van my suster af, wat jonger is as ek. En ek sal lyk as ek my

twee kinders terugkry, weer die nodige wat sy my gegee het, weer aan haar oor te handig. Want wel, ek weet sy het 'n meisiekind wat agt word, en sy het ook daai help nodig en dan kan ek dit weer aan haar gee.

S.V.: My baby se pa, my boyfriend, support my baie. Hy is maar alleen wat my support. My suster almal, hulle het groot kinders en het ook maar hulle eie problems. Ek depend nie eindelijk op familie nie en ek het nou nie 'n ma nie. So hy support my baie.

V.A.: My support kry ek van my kerk af. Hulle ondersteun my met al my probleme wat ek het, wat ek na hulle toe gegaan het. Daarom kry ek my support van my kerk af.

R.J.: Actually help ek vir Green Furniture uit. My baby se pa, hy support my. So ek kry altwee kante geld.

L.T.: Wel, die vrou wat ek by bly waar my kind nou in pleegsorg gesit is, support my ook baie. Ons twee verstaan baie goed mekaar. Ek moet sê, almal in die huis, haar dogters ook, support my baie. Dankie.

S.P.: Dit is my ma, my suster en my broers wat my onderhou nou. Met geld en alles. Ek is bly daarvoor.

Facilitator: Okay, ek het nou gehoor van elkeen dat daar is familie wat support gee, daar is vrinne wat support gee. Baie interessant die pleegmammie wat vir u baie support gee, ook die pleeghuis waar u in bly. En dan is daar som mense wat geen support kry geheel en al nie. Dit is baie important dat parents support kry somewhere van someone, om te verhoed dat hulle terugval in drank. Ek is bly om te weet baie van u-hulle kry support, al is dit van die boyfriend, die kerk, die familie en pleegmammies. Dit is belangrik om ondersteuning te kry van iemand.

Die pa's van daai kinders, gee hulle support vir u? Kry u support?

R.J.: My kind se pa hy ondersteun my. Hy gee my geld deur die maand, en dan kry ek ook geld by Green Furniture.

Is daar enige pa's wat u-hulle support deur die tyd? Niemand nie.

Facilitator: Okay, daar was mos gefocus op die familie, kerk en neighbours wat vir u-hulle support gee. Ek is bly u kerk gee vir u support (V.A.). Kan u net uitbrei oor die kerk. Hoe het dit gekom dat u help gekry het by hulle.

V.A.: My kerk het gesien toe ek Sondaie in die kerkbanke kom, toe het my priester my dopgehou en die kerksusters het my dopgehou, en hulle het gesê: Mej. Abrahams, hoekom voel jy so treurig vanmore. Ons ken jou nie so nie. Ons ken jou altyd as iemand wat 'n smile het op jou gesig. Kan jy vir ons asseblief sê wat jou probleem is? Ons is daar om vir jou te help. Ek kon nie die eerste week my hart met hulle oopgemaak het nie, en ek het terug huis toe gegaan en gesit en huil. Die tweede week kon ek gaan en sê vir hulle wat my probleem was. Ek het my hart oopgemaak met hulle. Ek het nooit gedink die kerk sal my help nie.

Facilitator: Kan u net uitbrei hoekom u familie u nie support nie?

S.V.: Wel, my susters het almal groot kinders. Hulle kinders gee ook vir hulle probleme. So ek expect nie nog hulle om vir my te help nie, want my boyfriend support my.

Facilitator: Kan u uitbrei oor die support wat u kry van neighbours? Niemand nie?

Facilitator: Kom ons fokus op die finansiële aspek van u. Ek weet dit is 'n sensitiewe punt wat ek nou gaan aanraak, want ek weet nie baie mense voel nie comfortable om te deel met die finansiële aspect van hulle omstandighede nie. Ek weet dit is sensitief, maar dit sal ons 'n indikatie gee watter bestaan jy maak. As u kinders moet terugkom hoe gaan u sorg vir u kinders. In terme van geldige opsig, hoe survive u?

B.M.: Op hierdie huidige oomblik het ek geen inkomste nie. Ek eet maar vanaand by die een, more by daai een. Wat ek verder ook doen, soos gaan char werkies doen by mense om aan die lewe te hou. Dit is waarvan ek lewe op hierdie oomblik. Ek moet aan die lewe bly.

M.O.: Ek werk nie. My vriend gee vir my. Ek char maar altyd hier en daar. Stryk en skoonmaak werkies. Dit is maar al.

L.G.: Soos ek nou vaneffen gesê het, my suster onderhou vir my. My suster gee ook vir my vyf jaar oud seun. As ek haar vra of sy miskien vir my geld het of so nie, of sy moet miskien vir my kind iets koop of so, dan gee sy. In die loop van die tyd sal ek vir my 'n werk moet gaan soek as ek vir hulle nou by my wil hê. My seun sal ek in die crèche miskien sit. My suster sê ek moet hom nie in die crèche sit nie, sy sal al die nodige doen, na hom kyk, voel ek ook as ouer dat ek vir haar sal iets gee as sy na my kind gaan kyk. Daar is nie eintlik probleme met geld of na my kind te kyk of so nie.

S.V.: Ek werk nou vir twee jaar nie. Ek is by die huis. Candice se pa, hy werk nie. So hy onderhou nie nou nie. Ek het hom aangegee vir agterstalliges en daar is 'n lasbrief uit vir hom, want vir twee weke het hy nie hof toe gekom nie, maar my boyfriend onderhou vir my; en as sy (Candice) daar is, dan onderhou ook vir haar. Dit is al.

V.A.: Die kerk gee my so elke tweede week donasies. Die ander dae dan gaan soek ek vir myself. Dan kyk ek maar waar ek kan iets te doene kry, sodat ek ook iets kan inbring vir die kinders. Ek kyk vir char jobbies.

R.J.: Ek kry van my boyfriend support geld en so hou dit my aan die lewe.

I.T.: Op die oomblik werk ek. Maar ek is eintlik nog nie permanent nie. Ek casual maar nog. Maar daar is maar 'n inkomste wat ek darem kan aangaan. Ek en my kind en die mense in die huis.

S.P.: Ek is unemployed, maar as Iekeraam miskien iets nodig het om te eet of te drink, of enigiets wat hy vra, is my suster en my broer - hulle het ook kinders - en my ma daar om vir hom te gee wat hy graag wil hê, wat ek miskien nie vir hom kan koop nie.

Facilitator: So finansiël kry u darem geld van iemand, al is dit familie of boyfriends. Mens admire die feit dat daar sekere familieledede is wat vir u help deur. En ek glo

stellig, soos u gesê het L.G., as jy eendag weer onafhanklik is, dan sal jy wat jou suster aan jou gedoen het, terug sal doen aan haar. So, 'n mens vergeet nooit sulke mense nie.

Facilitator: B.M., jy het mos gesê jy char mos en kry nie support van die kind se pa nie. As die kind terug moet kom in u sorg sal die 'n probleem vir enige van u wees hierso, finansieel?

B.M.: Finansieel gaan dit 'n probleem wees as my kinders moet terugkom, want soos ek sê, ek het nie eens 'n plek vir myself nie. Ek slaap in die rondte in. Ek swerf in die rondte. Wie gaan dan vir my kinders sorg. Daar is geen inkomste van die staat se kant nie. As my kinders terugkom dan is daar niks grants wat vir hulle gegee kan word nie. My concern hierso, my kinders is in pleegsorg by ander mense. Die staat het vir daai kinders gesorg. Kan die staat ook nie vir my sorg en my kinders nie. Dit is my concern.

Facilitator: Die CSG is net vir kinders tot op die ouderdom van sewe jaar.

I.T.: Soos ek sê, versorg ek vir myself. Ek het niemand wat vir my sorg nie. Ek werk, want ek casual. My verlange is ook, ek wil op my own wees, as ek my kind op my own wil hê. Want ek wil my kind grootmaak met my rules, my maniere, ek wil haar leer. Dit is my verlange, ek wil op my own bly.

Facilitator: Hier is nou 'n gevallestudie. Ek gaan gou u-hulle in twee groepe verdeel. Dan wil ek net hê u moet kyk na die situasie. Help vir Mev. Jones in die situasie. U-hulle gaan dit in 'n groepie bespreek. Gee vir Mev. Jones 'n oplossing tot haar probleem wat sy nou het. Een van u-hulle sal moet feedback gee namens die groep. Een uit die een groep en nog een uit die ander groep.

Case study:-

Facilitator: Mev. Jones se man is in 'n motorongeluk dood. Hy het haar agtergelaat met ses kinders. Die ouderdomme van die kinders is 16, 14, 10, 11, 3 en 4 jaar oud. Die oudste kinders is op hoërskool, en die twee ander kinders is op primêre skool. Voor Mnr. Jones se dood, was hy ook werkloos. Mev. Jones verrig huiswerkies (sy char) drie keer 'n week en verdien R300 per maand. Mev. Jones se buurvrou het 'n drankprobleem, wat naweke die drankwinkels besoek. Mev. Jones is vervreemd van haar eie familie en haar enigste geselskap wat sy het is haar buurvrou. Sy is agterstallig met haar rent en water, en is nie in staat om na haar kinders om te sien nie. Sy het die volgende uitgawes: Lig R30; Rent R60; Skool fees R80; Kos R100. Werk 'n budget vir Mev. Jones uit. Hoe kan julle haar help om haar finansieële sake mee te help. In daai ses kinders is daar twee kinders wat u-hulle haar mee kan help. Hoe kan sy maak met die skool fees.

(Groups discussed case study)

Group 1: B.M. gave feedback.

Die Jones se inkomste is	R300 per maand.
Child Support Grant	<u>R220</u> (2 kinders onder 7 jaar)
TOTAAL	<u>R520</u> per maand.

Uitgawes van Mev. Jones R250 (rent en water)
Aftrek van groot totaal: R270 oor.

Ekstra geld moet sy R210 (extra op rent, want sy's agterstallig)
 R 10 extra op water.

Die orige geld is R240 as sy klaar daai R30 extra betaal het.

Met R240 kan sy kleurtjies koop vir haar kinders. Miskien een maand vir een kind, en ander maand vir ander een kind. So gaan sy aan. Van orige geld kan sy 'n klein besigheid begin (huiswinkel) om te survive regdeur die maand. Dit sal haar baie help.

Facilitator: Baie, baie dankie. Groep 2.

Group 2: S.P. gave feedback.

Vir die twee kinders van drie en vier jaar oud kan sy Child Support Grant kry.

En lekker en chips verkoop aan die skole vir die kinders buite die draad van die skool.

En haar char geld wat R300 'n maand is.

Plus R220 vir Child Support

Wins wat sy uitmaak vir die week R500 van skool

TOTAAL R1020

Haar uitgawes is Lig R30; Rent R60; Skoolfooie R80; Kos R100. Totaal is R270.

Ander geld kan sy vir die kinders koop wat hulle nodig het.

Facilitator: Baie dankie. Kyk hoe het julle nou vir Mrs Jones gehelp. Dit wys net 'n mens kan jou omstandighede improve. U-hulle kan budget. Resources is available. As mens kyk na die twee klein kinders, daar is 'n Child Support Grant. Daar is dus 'n grant wat ek kan kry vir my kind.

Om die sessie net af te sluit, wat het u geleer van die sessie.

S.P.: Ek het baie geleer. Dit wys vir my ook iets. As ek 'n char job kry of so, dan is daar darem iets wat ek vir Iekeraam kan koop wat hy nodig het. Ek kan selfs iets begin, soos lekkers verkoop, dan kan ek ook geld verdien.

L.T.: Ek het baie geluister na almal se probleme en ek het gedink. Ek het baie daaruit geleer. So, ek is 'n ma net soos julle ander ook 'n ma is, kan daar nogal 'n uitkoms wees soos vir my ook. Daar is 'n way uit vir almal.

R.J.: Ek het nou na almal se problems geluister en het besef ek is nie die enigste een met daai problems nie. Ek sê vir een en elkeen baie dankie.

S.V.: Ek voel 'n bietjie beter. 'n Mens dink altyd jy is alleen in die situasie. 'n Mens voel dat jy nie 'n goeie ma is vir jou kind nie. Maar soos ek nou sien, ek is nie al een nie. Ek het gevoel asof ek in 'n donker tonnel is, amper soos 'n nagmerrie. Maar nou is amper soos daar 'n bietjie lig is in daai tonnel. So voel ek, ek voel baie beter nou dat ek my probleme met ander gedeel het. Daar is mense wat in dieselfde bootjie is as ek.

L.G.: So op die oomblik vandag het ek baie geleer. Ek wil dankie sê vir almal wat gekom het. Vir Jaylene wat die sessie gereël het en ek sien nogal baie kans dat my

kinders kan huis toe kom, soos ons vir Mrs Jones gehelp het, sien ek nogal dat ek ook geld kan kry en goedjies koop en aangaan by die huis. Baie dankie.

M.O.: Ek het baie geleer vanoggend hierso. Ek wil net dankie sê vir almal wat hier gewees het.

B.M.: Eerstens wil ek dankie sê; toe ek in kom vanoggend het ek nie vir u-hulle geken nie, maar nou ken ons mekaar. Dankie vir die smiles. Ons het almal bedruk en bedroef gelyk en nou sien ek almal het smiles op hulle gesigte. Ons het onself kom vind, dink ek. Ons kan nou hier uitgaan as sterk persone. Winners. Dankie vir Jaylene.

V.A.: Eers wil ek dankie sê vir almal wat my bemoedig het, en sterk gemaak. Die sessie wat ons gedoen het het my baie geleer. My kop 'n bietjie ooggemaak. Daar is iets wat jy ook kan doen by jou huis. Soos Mrs Jones se probleem waar 'n mens goedjies bymekaar krap, soos ons haar probleem opgelos het.

Facilitator: Ek wil elkeen dankie sê vir hulle input.

University of Cape Town

SESSION 2: SELF-ESTEEM AND SEPERATION

Facilitator: Die tweede sessie focus op self-esteem en skeiding. Voor ons begin; soos ek in die vorige sessie gesê het, daar is niks reg of verkeerde antwoorde nie. Byvoorbeeld, as ek enige een van julle vra wat is jou self-esteem. Weet enige een wat is self-esteem. Hoe sien jy jousef. Jou selfbeeld, wat dink jy van jousef. Watter tipe persoon jy is.

Deur middel van prente, hoe dink jy hoe sien jy jousef. **Byvoorbeeld:** As jy 'n mooi vrou sien op 'n beach, sien jy jousef so? Dan plak jy dit op jou blaaie.. So jou self-esteem beteken wat dink jy van jousef, of hoe lyk jy. Verstaan almal? Ek gaan nou tydskrifte gee vir u-hulle. Dit gee almal 'n indication van hoe jy jousef sien.

(Group is busy with task)

Facilitator: Almal van u-hulle het mos 'n collage gedoen. Elkeen gaan 'n kans kry om sy prent te wys vir die ander, en verduidelik hoekom jy dink jy is soos daai tipe persoon. Verstaan elkeen wat hulle moet doen?

B.M.: (Showed her picture)

Ek is lief om met mense te kommunikeer. Ek hou van om met mense te gesels en praat. Ek hou van in groepe werk, in my gemeenskap werk.

V.A.: (Showed her picture)

Die rede hoekom ek dink ek lyk so, ek is lief vir stap, lief vir die water en ek is lief om alleen te sit teen 'n rots en is lief vir die see.

S.P.: (Showed her picture - 'n Popstêr wat sing)

Ek is lief om te sing, altyd my karaokes en so aan. Omdat ek nou iets oorgekom het wat gelei het tot my kind wat weggeneem was, beteken nie dat jy daai tipe "swak" ouer is nie. Ek lyk ook om uit te gaan.

I.T.: (Showed her picture)

Ek hou van avontuur. Ek hou van mooi aantrek. Ek hou van mooi dinge, miskien alleen staan en bekyk die mooi bome en so. Dit is nou hoe ek is.

R.J.: (Showed her picture - a model)

Ek lyks aantrek. Baie lief vir modelwerk. Baie lief vir kinders aantrek. Lief vir skoonheid. Ek hou van was. Te change en different soorte klere aan te trek.

L.G.: (Showed her picture)

Die foto sê nog eintlik niks nie. Dit is die manier hoe ek voel, binne is en buite is, en die manier hoe ek my aantrek ensovoorts.

M.O.: (Showed her picture)

Ek hou van die groenigheid. Vir my is dit baie mooi.

S.V.: (Showed her picture)

Ek is baie lief vir die strand, vir die buitelewe.

Facilitator: Okay, nou wil ek hê julle moet 10 dinge neerskryf wat julle lyk van julleself en skryf dit op die agterkant van die poster.

(Group was busy with the exercise)

Facilitator: Ek gaan nou vra dat u net 2 van die 10 dinge kan noem wat uitstaan en wat u kan deel met die groep.

B.M.: Ek hou van om met ander mense te kommunikeer. Ek hou ook om met ander te deel, en ek hou van kinders.

S.P.: Ek is baie lief vir my kinders. Ek is nie een wat hou van moeilikheid nie, want dit pas nie by my nie, want dit is nie my styl nie.

R.J.: Ek hou van kosmaak, musiek. Ek vra elke aand vir die Here om my kinders se harte oop te maak vir my.

I.T.: Ek hou daarvan om skoon te maak. Ek hou van mooi dinge, 'n skoon huis. Ek hou ook daarvan om met my kind te wees.

M.O.: Ek hou van netjiesheid en hou van kosmaak.

S.V.: Ek hou daarvan om sterk te wees in tye van krisisse. Ek hou daarvan om mense te help wat in need is.

L.G.: Ek hou om te kyk na myself en byvoorbeeld my kinders, hulle laat my altyd goed voel as ek by hulle is.

V.A.: Ek hou van stap en ek hou om met my kinders te wees. Ek hou om saam met hulle in kerkdienste te wees.

Facilitator: Okay, basies die dinge wat hier uitkom is rerig positive dinge ten opsigte van u selfbeeld. Baie dinge was genoem wat u-hulle lyk.

Facilitator: In terme van die skeiding sessie, wat het deur julle minds gegaan toe die kind weg uit u sorg geneem is?

S.P.: Die tyd toe ek gehoor het van Iekeraam was weg en dat die polisie na my soek en so, en daai was mos die Sondag. Die Maandag toe was ek mos hier (PAWC). Toe dink ek, hoooo.. ek gaan nooit weer my kind terugkry nie, because why, hy is my kind en ons is gewoond aan mekaar. Vir my was dit so, dat ek iets kan oorkom, because why, hy is my enigste seun. My meisiekind bly by haar pa en sy gaan daar skool, ek gaan myself doodmaak en onder die trein gooi, because amper soos daar is iets wat weggevat is uit my hart uit. Maar ek het darem my moeite gemaak om uit te vind waar hy was. Elke keer as ek geloop het van die pleegmammie se huis, dan het hy gehuil, en daai is ook die seerste wat jou maak.

M.O.: Ek kon mal geraak het toe hulle weg was van my af.

R.J.: Ek was nog in die hospitaal gelê. Toe die social workers van Mowbray

Hospitaal my roep om die papiere te sign om die kind weg te vat van my, toe is die kind net gebore en toe raak ek hysterical. Ek het gesê ek sign niks papier nie, en het die komberse van die kooie afgegooi en gesê ek gaan my nie meer sterilise nie. My ma-hulle het nooit gecare van my kinders nie, net toe sy geld kry vir hulle toe wil sy my baby ook vat. Ek voel nou nog nie reg nie.

L.G.: Ek was baie upset toe hulle my oudste kinders kom haal het. Ek was nog in die hospitaal. Die familie het klaar die jonger kind gevra vir die weekend. Toe ek by die huis kom met my (oudste) kind, toe kom haal hulle die kinders se klere. Dit het gelyk daar is iets nie reg in my kop nie. Ek het gevoel amper soos iemand wat 'n mistake gemaak het. Ek het gelyk soos iemand wat mal kan geraak het. Tot op nou hierdie uur toe, sit ek miskien doodstil en dink is dit miskien ek wat iets gedoen het of wat. Maar soos dit eintlik is, is dit mos nie ek nie, maar die pa se skuld gewees. Dis daarom dat altwee toe weggevat was van my af.

S.V.: Ek het Candice self weggestuur. Ek het gedink dit sal iets goed wees, weg van die environment, weg van die verkeerde invloede. Maar dinge was nou nie soos ek gehoop het nie.

V.A.: Ek het self Feroza weggestuur. Ek het gevoel Feroza gaan verander toe ek haar weggestuur. Ek het gedink sy sou 'n beter mens bekom, maar alles het nie reggekome nie.

L.T.: Ek was baie upset dat my kind weggevat was van my. Ek was baie disappointed en was instaat om enigiets te doen. Ek het begin baie drink, in die hospitaal beland. Die way hoe ek gedrink het, was my bloed hoog gewees. Ek het 'n alcoholic geraak, en dis hoe mense gekom het by my en kom praat het met my.

B.M.: As jou kind weggevat is van jou dan dink jy in watter huis is my kind, eet my kind, verlang my kind ook vir my. Daar gaan so baie dinge in jou mind. As jy stil en alleen is dan kom daar baie dinge.

Facilitator: In terme van wat u nou net gepraat het, watter rol het u familie gespeel? Het hulle u gesupport deur daai tyd?

L.T.: My familie het nie na my gekom nie, ek het geen besoek gekry nie. Ek het gesond geraak en uitgekom daar. Toe ek uit die hospitaal kom toe begin hulle my moed in praat. Toe begin ek beter voel, en ek sien lig.

S.V.: My suster en haar man het my altyd geneem om Candice te besoek toe sy in Wellington was. Vakansietye het van die ander familie ook vir Candice daargehou, want ek was bang sy raak deurmekaar met die verkeerde vriende.

L.G.: Toe my kinders weggevat was van my, toe het my familie die grootste rol gespeel in my en my kinders se lewe. Hulle het my bygestaan. Ek was bemoedig deur hulle om assertive te wees en my voet neer te sit, want dit is 'n verkeerde ding, want jy is hulle ma, niemand anders nie.

R.J.: My familie het my nie bygestaan nie. Was meestal vreemde mense en Christen mense wat my altyd opgebring het in gebed, wat nou nog sê hulle hou my in gebed.

S.P.: My skoonsuster het altyd met my gepraat toe Iekeraam weg was van my. My ma sorg altyd vir my taxi fare om tot by hom te gaan en luxuries te gee.

B.M.: In die gemeenskap is daar organisasies en die organisasie se leiers het my baie bemoedig.

M.O.: Ek het nie familie in die Kaap nie, maar het 'n vriend wat my support.

V.A.: Mr Ruiters (social worker) het my baie support.

Facilitator: Ek wil graag weet watter rol die social worker gespeel het deur die moeilike tye.

S.P.: Deon Ruiters en Valencia van Wyk het my geneem na Iekeraam toe, en het gesê ek kan enige tyd vir hom besoek.

B.M.: Shanaaz Cloete het my baie gehelp. Ons het groot vriende kom raak en geheg geraak aan mekaar. Maar hier is ook baie ander social workers wat my nou support gee aangesien Shanaaz weg is.

L.G.: Wel, ek kan nie sê dat 'n maatskaplike werker het my bygestaan nie. Sy het eintlik my skoonbroer-hulle se kant gevat. Die ander maatskaplike werker het my moed ingepaat, want soos sy sien, gaan my kinders terug kom na my toe.

R.J.: Ek is nie lank onder die social worker Valencia van Wyk nie, en as sy na my kom sal ek verlang om na my baby toe te gaan. Heinz Park is gevaarlik. Valencia is 'n baie goeie social worker en staan my baie by.

S.V.: Shanaaz Cloete het my gehelp en sy het probeer om Candice in different institutions te kry. Soos ek laas keer gesê, Candice wil nie gehelp wees nie. Dan is niks wat enige iemand kan doen nie, die social workers, psychologists. Sy haarself moet eers haarself help.

I.T.: Shanaaz Cloete het my ook baie gehelp, baie bemoedig, en nou het ek mos 'n ander social worker (Jaylene Davids) aangesien Shanaaz weg is.

M.O.: Ek het al twee social workers gehad, maar die derde een wat ek gekry het, het my maar altyd die beste gehelp (Jaylene Davids).

Facilitator: Dit is important dat daar 'n support system is vir jou. Jou social worker moet jou bemoedig deur hierdie tye. Wat ek wil hê is net om julle te encourage. R.J., as 'n biologiese ouer moet jy kontak maak met jou kinders. Niemand kan jou kontak wyer nie. Ultimately, foster care beteken dat kinders moet terugkom na hulle biologiese ouers toe. Die wet maak voorsiening dat biologiese ouers moet kontak maak met hulle kinders, want ultimately, daai kinders moet terugkom na u-hulle toe. Sê vir julle social workers julle wil kontak maak met julle kinders. Show an interest, dat julle belangstel in julle kinders, want daai gaan bepaal of julle kinders gaan terugkom na julle toe, maar jou omstandighede moet ook improve by die huis.

Facilitator: Net om die sessie af te sluit, het enige een iets geleer uit die sessie uit;

wat uitstaan vir jou.

B.M.: Ek het hier kom leer om myself te wees. Ek het kom leer dat as ek nou hier uitgaan, dan is ek 'n sterker persoon en ek kan die wêreld in die oë staar. Ek gaan hard daaraan werk om my kinders terug te kry.

I.T.: Ek het ook baie nou kom leer. Ek voel nie meer so swak nie. Ek sien darem nou weer lig vorentoe, en dit is lekker om saam te werk. Ons almal het geleer van mekaar se probleme.

R.J.: Ek wil weet nou van myself. Die dag toe my kind weggeneem van my sorg was, toe het die magistraat gesê ek moet 'n plek van my eie kry dan sal my kind terugkom. Nou het ek my eie plek, wat staan my nou te doen?

Facilitator: Ek sal nie einlik daarop kan antwoord nie, die magistraat bepaal dit self. Die social worker sal jou huis monitor en alles in die hofverslag sit.

L.G.: Ek het vandag baie geleer. Al die vroumense wat hier sit, ek het geluister na elkeen se probleem, en gedink dat ons mekaar baie gehelp het. Tot ons ons kinders kry, het ons mekaar baie nodig. Ek sal net bly wees as my kinders kan huis toe kom.

M.O.: Ek het baie geleer en mense kom leerken wat ek nog nooit gesien het nie.

S.V.: Toe ek hier kom toe was ek baie temeergedruk gevoel, maar ek voel 'n bietjie beter. My hart voel 'n bietjie ligter, want as 'n mens praat van jou eie probleme en luister na ander se probleme. Dis maar al.

V.A.: Ek het 'n bietjie baie swak gevoel toe ek gekom het. Ek het eers geweier in die eerste plek, toe dink ek nee ek gaan nie met 'n gebreekte hart daar sit nie. Daar is niks seker wat ek sal opdoen nie, maar in die tydjie wat ek nou hier sit het ek nou gevoel ek is nie alleen. Dit is amper soos jy in 'n team, 'n groep is. Soos in die kerk, dan is jy ook in groepe wat hulle jou in verdeel. Jy moet net sterk is.

S.P.: Ek het baie geluister wat sommige van die mammies gepraat het. Ek het altyd gedink, miskien is ek die enigste persoon wie se kind weggeneem is uit haar sorg, maar nadat ek kennis kom maak het met almal, kan ek sê ek was nie die enigste een nie wat hartseer, gehoop en geslaap het met 'n hartseer hart nie.

Facilitator: Baie dankie vir wat julle gesê het en alhoewel elkeen se omstandighede verskillend is, daar ook similarities is. Jy is nie alleen nie.

SESSION 3: COPING AND RE-UNIFICATION STRATEGIES

Facilitator: Ek wil elkeen dankie sê vir die tyd wat u gemaak het om die groep sessie by te woon. Wat ons die 2 vorige sessies gehoor het, hoop ek onthou u nog. Maar voor ons daar kom, kom ons gaan eers nog 'n icebreaker speel. Die icebreaker se naam is Musical chairs. Almal moet hulle stoele in die sirkel sit en die groep moet om die stoele loop in 'n sirkel. As die musiek stop, dan moet elkeen hom 'n stoel vind. Agter 2 probeer sla, dan word van die stoele weggehaal. (Group played icebreaker).

Facilitator: Wat het ons geleer van die game?

B.M: Ons moet die reëls follow anders sal die game nie werk nie.

R.J: Ek het die game enjoy, want nou voel ek sommer lekker.

M.O: Die feit dat 'n mens nie weet wanneer die music gaan stop nie, het my nervous gemaak.

L.G: Ons moet ons samewerking gee, anders gaan die game nie werk nie.

S.V: Die game was lekker, maar soos gesê was, 'n mens weet nie wanneer die music gaan stop nie en jy moet ook in dieselfde tyd sorg dat jou stoel nie afgeneem word nie.

IT: Ek het kom leer dat 'n mens moet jou samewerking gee om die game te laat werk.

V.A Ek het die game enjoy.

S.P: Die game was lekker, ek het dit baie geniet.

Facilitator: Die doel van die exercise was om die atmosfeer gesellig te maak voordat ons gaan begin met die sessie. Wat julle ook nou net gedeel het in die groep is baie belangrike punte. Ek lyk wat gesê was in terme van ons moet ons samewerking gee om die game te laat slaag. Die feit dat u-hulle ook bang was dat u-hulle stoele gaan weggehaal word, kan 'n mens "link" met ons eie situasies. As ons nie na ons kinders reg gaan versorg nie soos dit verwag word van u-hulle as moeders nie, dan is die moontlikheid daar dat u kind weggehaal gaan word van u sorg. Op hierdie oomblik is u kinders weggehaal uit u sorg, en ons moet ons omstandighede verbeter sodat ons kinders kan terugkeer in ons sorg.

Facilitator: Kom ons keer gou terug na ons 2 vorige sessies. Wat het u-hulle van die sessies geleer?

B.M: Ek het geleer dat my omstandighede moet improve om te sorg dat my kinders huis toe moet kom. Dit is nie lekker om nie jou kinders by jou te hê nie, maar ek gaan fight vir my kinders.

M.O: Ek het geleer dat net soos daar 'n way was vir Mev. Jones toe ons haar gehelp het om haar probleem te solve, daar ook 'n way is vir my.

L.G: Ek het kom besef dat ek nie alleen is nie, my kinders is nie al kinders wat weggeeneem is nie. Met die hulp van my familie sal ek vir my kinders kan sorg as hulle terugkom.

S.V: Ek het kom leer dat ek nie 'n bad parent is nie. Candice het gechoose om so te wees, en wil nie gehelp wees nie. Ek het kom leer dat support van ander mense belangrik is om jou te help met jou problems.

V.A: Ek het kom leer dat die support wat my kerk my gee, my baie gehelp het toe ek gesukkel het met Feroza.

R.J: Ek het kom leer dat ek moet kontak maak met my kinders, en my circumstances moet ook verbeter.

I.T: Ek kom leer dat as enkel ouer jy dit kan maak in die lewe. Ek wil net alleen gaan bly met my kind, weg van die foster home.

S.P: Ek het geleer dat 'n mens se omstandighede kan improve, maar jy moet jou dinge laat staan. Ek mis my kind, maar ek gaan nie ophou fight voor ek hom terug gaan kry nie.

Facilitator: Hanterings strategieë beteken coping strategies, hoe jy cope met jou kind as s/hy terug is in jou sorg. Laat ek eers vir u-hulle vra is die gedagtes dat die kinders teruggeplaas gaan word in u sorg stresvol of 'n okay idea? Is dit stresvol want u weet nie hoe u u kind gaan hanteer nie, of is dit okay in terme van ek is ready om my kind reg te treat?

S.P: Wanneer my kind terugkom sal dit nie stresvol wees nie, want ek sal kan kommunikeer met hom. Hy sal van vooraf my baby wees, en ek sal van vooraf 'n moeder wees vir hom.

L.G: Vir my sal dit nie 'n probleem wees as my kinders huis toe kom nie, ek sal maar my bes probeer om vir hulle verder groot te maak ensovoorts.

I.T: Vir my sal dit baie lekker wees om my kind vir myself te hê. Ek sal dit baie waardeer en sal haar die liefde gee. Ek sal my bes probeer om vir haar te gee wat haar toekom.

V.A: Vir my sal dit lekker wees om vir Ferosa terug in my sorg te hê. Ek sal 'n stukkie goud sien as ek vir Ferosa terugkry in my lewe.

B.M: Al moet dit vir my stresvol wees, sal ek werk daaraan, want net een ding sal in my mind wees, my kind is terug. My kind sal moet aanpas, alhoewel sy gewoond is in wat sy gekry het by daai ander mense, maar ek wil my kind terug hê by my.

M.O: Dit sal baie lekker wees as my kinders terugkom na my. Baie lekker.

S.V: Ek sal dit stresvol vind, want ek sal haar 24 uur moet dop hou. En 'n mens kan nie so lewe om jou kind 24 uur moet dophou nie.

Facilitator: Die vraag wat ek wil vra is, hoe sal u u kinders se gedrag hanteer?

S.V: Ek sal nie Candice se gedrag kan hanteer nie, want sy is te ver in waar sy nou is. Sy is in die drugs, en gangsters. Sy steel ook my familie se klere.

R.J: Ek sal baie bly wees as my kinders moet terugkom. Ek sal meer tyd spend met my kinders. Hulle is ook my lewe.

LT: Ek sal ook bly wees om my kind te sien, ek sal nie kan huil nie.

Facilitator: In terme van watter veranderinge dink julle moet eers plaasvind voor die kinders kan terugkom huis toe.

R.J: Op die oomblik weet ek my plek is agter mekaar. Solank my plek netjies is, is ek nie geworry oor armoedighede nie.

L.G: By my is daar nie baie veranderinge nie, soos wat ek kan sê ek het my huis vir myself nie. Daar is baie space in die huis waar hulle kan rond hardloop agter in die yard. Alles wat 'n man moet doen, doen ek self. Daar is dus nie baie veranderinge nie.

LT: Ek wil 'n wendy house opsit. Ek is nie geworried wat binne-in is nie, solank my plek skoon is. Meubels kom vanself. Wat belangrik is, ek sal my kind by my het.

B.M: Solank ons twee die liefde kan gee, en mekaar kan verstaan, en daar elke dag iets is om te eet. Die res kan vanself kom.

S.P: Daar sal nie meer veranderinge wees nie, solank my kind skoon sal wees en goed versorgd.

Facilitator: Watter mense of bronne kan u aan dink wat u kan help met die versorging van die kinders. Watter plekke en mense kan u help?

B.M: Ek dink die maatskaplike werkers van Social Services en die kerke en mosques.

R.J: Daar is nog 'n persoon wat my kan help dit is in Gatesville: Mustadafin. Hulle help my met klere, kos ensovoorts. Ek gaan 'n soup kitchen oopmaak en so my gemeenskap help.

Facilitator: Dit is belangrik om te ken hierdie plekke wat jou kan help.

B.M: Ek wonder of Candice al Family couseling gekry het?

S.V: Nog nie. Candice steel net goed vir drugs.

Facilitator: Kan u miskien sê watter redes daar is hoekom ons kinders so stout is.

S.P: Dit is 'n aanwendsel. Hulle wil nie eintlik stout wees nie. Hulle het nie 'n rede hoekom hulle dit doen nie.

B.M: Som gevalle is dat hulle het nie 'n rede om stout te wees nie. Som gevalle is die probleem in die huis. 'n Mens kan nie altyd sê daar is geen rede nie. Somtyds is daar probleme in die huis wat lei tot die kind om stout te wees.

V.A: Somtyds as die kind alleen groot raak, net met 'n ma en nie 'n pa nie. Nou vra sy die ma klomp vrae, dan beantwoord die ma die vrae, maar sy is nog nie tevrede met daai antwoorde nie, want sy wil die kant van die pa ook hoor en nie net van die ma nie.

L.G: Kyk nou my suster, wat 15 jaar oud is. Sy het haar ingemeng met 'n vriend wat se suster my vriend gewees het. Nou is sy so in 'n situasie van sy doen net verkeerde dinge. My ma, ek en my suster het al met haar gepraat maar sy hoor nie. Somtyds is dit die vriende, somtyds die ouers binne die huis. Miskien kommunikeer hulle nie reg met mekaar nie. Sy het al gesê sy gaan 'n meeting roep in die huis, briewe skryf aan die familie lede. Sy het dan gelees aan hulle wat sy geskrywe het. Sy is net vir 'n tydjie reg later dan begin sy maar net weer.

Facilitator: Dink u as ouers ons is miskien verantwoordelik vir ons kinders se gedrag?

B.M: Som van ons ouers is miskien verantwoordelik vir ons kinders se gedrag. Maar dan kry jy van daai ander wat nie verantwoordelik gehou kan word vir ons kinders se gedrag nie. As ons kinders kom met vrae, dan moet ons nie die kinders weg wys nie. Ons moet tyd maak vir ons kinders.

I.T: Ons weet miskien nie wat die rede is hoekom ons kinders al die verkeerde dinge doen nie of miskien het sy 'n knak weg. Ek vat dit so van my ook af.

Facilitator: Miskien moet ek vra wat is die doel hoekom ons ons kinders disiplineer. Hoekom slaan of praat ons met ons kinders. Wat wil ons bereik met die dissiplinerig van ons kinders.

I.T: Ek gaan my kind slaan as sy stout is. 'n Mens moet die boompie buig, want as jy nie daai kind gaan slaan nie, dan gaan s/hy net maak wat hulle wil.

R.J: Hulle sê 'n mens moet oop is met jou kind. Jou kind moet soos jou vriend en alles wees. As jou kind vir jou iets vra dan moet jy kan antwoord. As jy haar tug, want jy is lief vir haar en wil nie hê sy moet uitrafel nie, soos die ander op die pad nie. As sy 'n vriend het moet jy vir haar sê bring die vriend huis toe sodat ek kan sien wie die vriend is. Wees oop met die kind en s/hy sal oop wees met jou.

Facilitator: Hoekom dissiplineer ons ons kinders? Kan dit wees omdat ons trots wil wees op ons kinders? Ek wil darem proud wees van my kind. Ons wil mos nie hê ons kind moet deurmekaar raak met ander verkeerde vriende nie. Byvoorbeeld: Iekeraam

is my kind, ek het hom alleen so ver groot gemaak en kan trots voel op hom.

B.M: Ek wil sekere dinge vir my kind gee wat ek nog nie gehad het nie. Ek verlang net die beste vir my kind.

Facilitator: Watter metode gebruik u om u kind te dissiplineer?

L.T: 'n Kind moet jy discipline. Daar is baie maniere hoe. 'n Kind moet jy tug as hy iets verkeerd gedoen het. Of praat, daar is baie metodes. Praat met hom en vind uit wat sy of haar probleem is.

S.V: Ek het geslaan. Haar baie geslaan. Ek het gepraat, en niks het gehelp nie. En die pa, as ek die pa gephone het en gevra het dat hy moet deurmaak en praat met die kind, dan wil sy ook nie praat met haar pa nie. Ek was amper elke week by die skool. Slaan en praat het nie gehelp nie. Dus, ek was moedeloos agterna.

Facilitator: Ek voel dat jy moet eers praat met jou kind. As jy praat met hom en jy gebruik ek-boodskappe waar jy sê ek voel ongelukkig met wat jy nou gedoen het, dit is wat jy verkeerd doen. As s/hy nie wil hoor na dit nie, ek sal dan nog nie oorgaan na slaan nie, ek sal hom straf. Ek sal goed vat wat hy lyk, vat ek dan weg. Ek sal verduidelik hoekom ek daai goed wegvat totdat jy behave. Dit is ook 'n manier om 'n kind te straf. Hy sal mos ook enigiets doen om wat weggevat is, terug te kry. Hy moet ook leer in die proses hoekom daai goed van hom wegevat is. As jy hom slaan, sê vir hom hoekom jy hom slaan. Ek slaan jou want dit is die rede hoekom ek jou slaan. Kinders wonder somtye hoekom slaan my ma my. Communication moet oop is. Jou kind kan jou vriend is, maar dan moet s/hy ook respek het vir jou as ouer. Especially in single parenting is dit difficult, want as daar nie 'n pa in die huis is nie, dan vat die kind oor. Soos S.V. gesê het, sy dink nie Candice sou so opgetree het as daar 'n pa in die huis was nie. Ek weet dit is moeilik vir julle as single parents, want julle moet pa en ma speel in die huis. Enige vrae van wat ek nou gesê het? Stilte.

Facilitator: Net om af te sluit hierdie sessie. Wat het u-hulle uit hierdie sessie geleer?

B.M: Ek het geleer wat ek nie geweet het nie. Ek het geleer om terug te gaan, hoe om met my kinders te gesels, kommunikeer saam met hulle. Maar die belangrikste is praat eerste.

M.O: Ek het ook baie geleer, om mense te leerken wat ek nog nie gesien het nie.

L.G: Ek het eintlik baie geleer. Daar is baie dinge wat ons saam gedoen het.

S.V: Ek dink ek het iets geleer. Soos ek sê, ek was teneergedruk, ek sal sê ek voel baie beter. Ek weet ook nou wat om te maak met die kind. En ek gaan dit doen.

V.A: Ek wil ook maar sê ek voel baie beter. Ek het dinge gehoor en as Ferosa terugkom weet ek ook hoe om haar te hanteer.

R.J: Ek wil baie dankie sê vir een en elkeen. Ek het baie geleer van almal wat hier sit. Ek kan more oormore dieselfde dinge vertel vir ander wat ek geleer het hierso.

I.T.: Ek het ook baie kom leer. Dinge wat ek ook nie geweet het nie. Ek het ook kom leer hoe om met mense te kommunikeer, en nou kan ek dit vir my kind ook leer wat ek geleer het. Ek sê vir almal dankie.

S.P.: Ek het ook nou kom leer nie net om te tug eers nie maar om te praat. Maar as praat nie help nie, dan vat van sy goed weg.

Facilitator: Ek wil vir julle baie dankie sê vir julle tyd wat julle opgeoffer het. Ek kan miskien myself indink hoe u voel, maar u-hulle is die mense wat experience hoe dit voel as my kind weggeneem is uit my sorg. Moenie moed opgee nie. U-hulle het regte. R.J., jy het 'n reg om jou kind te sien. Jy het visiting rights. Jou kind hoef nie permanent in foster care te wees nie. L.G., jy het regte. Jy moet sommer vir die social workers sê jy wil jou kinders besoek. Gradually moet die kinders teruggeplaas word. Besef, u kan iets doen aan u situasie. U het 'n sterk support system wat bestaan uit familie. S.V., jy weet nou wat om te doen met jou situasie. Daar is 'n way uit. Sy kan forsseer word om te gaan vir behandeling by De Novo. V.A., hou moed met wat jy besig is om te doen. Wees sterk. M.O., jy het 'n sterk wilskrag. Die feit dat jy jou kinders gereeld gaan visit sê jy stel belang aan jou kinders. Niks is impossible nie. S.P., hou moed. 'n Mens leer deur elke experience. I.T., jy wat die voorreg het om jou kind daagliks te sien omdat jy in dieselfde huis as die pleeg ma bly, Gaan aan om jou eie wendy house te kry, en vorm haar soos jy haar wil hê.

SESSION 4: PARENT EMPOWERMENT

Facilitator: Eers wil ek elkeen van u-hulle baie dankie vir die tyd wat u-hulle opgeoffer het om hier te wees vir die laaste sessie. Ek sien dat V.A. nie vandag saam met die groep is nie. Toe ek vir haar gaan oplaai het vanoggend, toe was haar deur gesluit. Het jy enige idee waar sy is R.J. aangesien julle in dieselfde area woon?

R.J: Nee ek weet nie waar sy is nie. Sy het niks vir my genoem nie.

Facilitator: U-hulle weet ook dat dit die laaste sessie is. Mrs. Bam ons gas spreekster sal later 'n geleentheid kry om haarself bekend te stel aan die groep. Die rede hoekom sy hier is is om vir u-hulle 'n bietjie moed in te praat. Ek het ook belowe om u-hulle certificates te oorhandig as 'n teiken van dankbaarheid.

Voor ons gaan begin met vandag se sessie, gaan ons eers 'n icebreaker speel om 'n lekker atmosfeer te skep in die groep. Die icebreaker se naam is die wool-game. Die een persoon hou 'n klein gedeelte van die wol vas en vertel die groep wat sy in die vorige sessie geleer het. Sy moet die wol na nog 'n ander persoon gooi, terwyl sy 'n klein gedeelte van die wol vashou. U sal na 'n tyd agterkom dat 'n net gevorm word, waar die wol oorkruis. By nou al ken u-hulle almal mekaar en ek hoop nie hier is nog iemand wat skaam is vir die ander nie. Wie van u-hulle gaan begin met die icebreaker?

R.J: Ek het geleer dat as ek my kinders terug wil hê in my sorg, dan moet ek gereeld kontak maak met my kinders sodat hulle weer gewoond kan word aan my.

B.M: Ek het geleer dat 'n mens discipline 'n kind omdat jy trots wil wees van jou kind. Slaan is ook nie altyd die oplossing nie.

L.T: Ek het kom leer dat die support van ander soos my kind se pleegmammie vir my as enkel ouer baie gehelp en nog altyd baie help. My wens is net dat ek my kind kan terug in my sorg kry.

S.P: Ek het geleer dat net soos daar 'n uitweg was vir Mrs. Jones, daar vir my ook 'n uitweg is. Ek sal dit kan maak as enkel ouer, met die help van my familie.

S.V: Ek het geleer dat 'n mens discipline 'n kind omdat jy proud wil voel as ouer op jou kind.

M.O: Ek het geleer dat pleegsorg 'n temporary reëling is, en dat as ek my kinders wil terug hê, dan moet ek kontak behou met my kinders.

L.G: Ek het geleer dat met die support wat ek het van my familie, ek my kinders kan versorg en hul al die liefde gee wat hulle benodig.

Facilitator:

In die eerste sessie het ons gefokus op emotional en financial support. Ons het gekyk na ons familie wat ons emosioneel en finansieel support. Die tweede sessie het

gefokus op ons self beeld en julle het vir ons plakkaarte gewys van hoe julle lyk, en hoekom julle soos daardie persoon lyk. Die derde sessie het ons gefokus op coping and re-union strategies. As my kind moet terugkom, hoe gaan ek hom dissipleneer as hy miskien stout is. As ons hom gaan slaan, sê hoekom julle hom slaan. Dit is belangrik sodat die kind weet hoekom hy geslaan word. Die vierde sessie fokus op Parent Empowerment. Hoe om vir u-hulle te bemagtig as enkel ouers. Baie van u-hulle het genoem dat u-hulle magteloos voel as gevolg van u-hulle wat nie naby hulle kind kom nie. U verlanse is eintlik om u kinders in u sorg te kry. Die rede hoekom u u kind dissipleneer is omdat u trots voel op u kind, sodat hulle ook 'n beter kind kan wees en dinge kry wat u nooit gekry het toe u nog kinders was nie. In die vierde sessie fokus ons op parent empowerment- hoe om vir u te bemagtig as enkel ouers. Daarom het ek vir Mrs. Bam ingeroep. Sy is net hier om u meer te bemoedig. Ek het gevoel ek gaan iemand kry wat in Tafelsig bly, wat kan relate soort van met u-hulle as enkel ouers nou.

Maar, eerstens wat ek wil hê wat u-hulle moet doen, is om u suksesse wat u opgedoen het in die verlede of tot nou toe neer te skryf. Fokus ook op u sterk eienskappe. Byvoorbeeld, as ek praat van my sterk eienskappe dan kan jy sê, ek is 'n sterker persoon in krisies tye. Ek glo 'n mens het nie net weaknesses nie, maar 'n mens moet focus op die sterk punte van 'n persoon. As 'n mens iemand wil empower dan focus mens op die persoon se sterk punte, of watter suksesse plaasgevind het. Verstaan elkeen wat ek nou gesê het? Stilte. Ek gaan u vra om die sterk eienskappe of punte neer te skryf en later die groep in te lig oor jou sterk eienskappe.

Group busy with task assigned by the facilitator.

Facilitator: Okay, wat ek nou vir u gaan vra om wat julle geskryf het te deel met die res van die groep. Soos ek gesê het, daar is niks reg of verkeerde antwoorde nie.

I.T: Goeie more een en elkeen. Selfs vir ons social worker Jaylene. Ek wil my kind in my sorg hê. My sterk eienskappe wat ek in my lewe wil hê, dat ek al my liefde vir my kind wil gee soos nooit tevore nie. My verlanse is ook dat ek en my kind elke Sondag kerk toe gaan om meer te ontvang en onself gelukkig maak. Ek wil ook 'n baie sterk moeder wees vir my kind en die liewe Jesus aanneem in my lewe.

S.P: My sterk punte is, ek is baie bly dat Iekeraam terug in my sorg gaan kry. Ek wil graag vir hom die beste gee, veral wat ek as kind nie gekry het ie. My verlanse is om 'n werk te kry en vir hom in 'n crèche te sit sodat hy kan leer. Ek is baie bly dat ek nie meer daai dinge doen wat ek voorheen gedoen het ie. 'n Mens is nooit te sleg om goed te wees en goed om sleg te wees nie. 'n Mens moet net sterk wees en hou moed.

R.J: Goeie more, my naam is R.J.. My sterk eienskappe is dat ek wil 'n beter mens wees vir myself en my kinders. My verlanse is dat ek my kinders wil kyk. Ek voel aan dat ek die liefde kry hier in die groep. Ons voel soos 'n familie. Ek het nie familie nie, want hulle gee nie om vir my nie. Ek het nie meer stres nie, want ek het hulle bewys dat ek in my eie plek kan bly. Ek sorg vir myself.

S.V: Ek voel sterk want ek weet daar is help vir my kind se probleem, dit is as sy gehelp wil word. Ek het my altyd sterk gehou as die social workers my gebel het en gesê het dat Candice in die selle is. Ek het probeer om kalm te bly.

L.G:My hoop is dat my kinders sal terugkom na my toe. Vanaf my kinders weggeen was, voel ek magteloos en alleen. My verlange is dat ek alles in my vermoë doen om my kinders te kry. Soms as ek alleen voel, dan dink ek aan hulle, wat hulle nou op die oomblik doen.

M.O:Ek sal lyk my kinders moet terugkom in my sorg. Ek sal heelwat 'n ander moeder wees vir hulle.

B.M:My sterk eienskappe is ek weet wat ek uit die lewe wil hê. Ek is nie 'n persoon wat bly lê nie. Ek is 'n vegter, in hakies gesit, nie 'n mens om te baklei nie, julle moet my mooi verstaan. Ek hou van deel met my mede mens. My liefde is vir kinders. Ek hou daarvan om te kommunikeer. Ek hou ook daarvan om gedurig te bid.

Facilitator:Elkeen het mos gehoor die ander se sterk eienskappe. Is daar enige vrae? Ek hoop net die dinge wat u daar uitgehaal het, dit bly in julle gedagtes en laat daai soort van 'n motivering is vir u-hulle, om aan te gaan met julle lewe. Moenie hoop opgee nie, dinge sal regkom vir julle. As mense praat van julle bad dinge of julle is bad parents, dink aan die goeie dinge. Dit is wat jou motiveer. As julle nou net agterop kan skrywe wat u altyd wou gedoen het. Somtye dink 'n mens aan wat jy eintlik eendag gedoen het, maar dinge het in my way gekom.

Group is busy with activity

Facilitator:Die lys wat ek nou om stuur is om elkeen se kontak nommers op te skrywe, sodat julle kontak met mekaar kan het na die groep sessies klaar is. As u voel om te praat met een, dan kan jy kontak maak met daai spesifieke persoon. Dit is ook om support te verleen. Ek gaan elkeen ook 'n copy maak van die lysie, sodat elkeen net dit kan hou by hulle.

Enige volunteers wat wil begin om te praat van wat hulle eintlik wou gewees het?

B.M:Ek wou so graag 'n verpleegster geword het, omdat ek ander kan help en omsien. Om te kan troos en luister na 'n persoon se nood. Maar weens omstandighede kon ek dit nie maak nie.

R.J:Ek wou geleer het vir 'n prokureur, toe kon ek nie, because my ma se huis was te klein. Ek wou ook altyd 'n model gewees het. Ek wou ook altyd 'n soup kitchen oopmaak het. Dit was my verlange.

S.V:Ek wou altyd 'n verpleegster gewees het toe ek 'n kind was, omdat ek daarvan hou om met mense te werk. Ek wou graag 'n goeie moeder vir my kind gewees het en gehoop dat sy my nooit teleur sou stel nie, ek het altyd gehoop dat sy met 'n pa in haar lewe sou grootgeword het. Ek het probeer, haar alles gegee wat ek nooit gekry het nie, omdat ons so 'n groot familie van nege was.

L.G:Ek wou graag 'n huis vrou wees. My verlange is dat ek kan doen wat ander vrou mense kan doen met hulle lewe. Ek wou ook 'n goeie moeder en huisvrou wees as my kinders huis toe moet kom.

I.T: My begeerte was, ek wou graag leer vir 'n onderwyseres om met kinders te kommunikeer, maar ek het nie die ondersteuning gekry van my ouers af nie. Ek het baie hard probeer, wat my begeerte was. Ek wou ook trots gevoel het oor myself. Die dinge wat ek nie gehad het nie, wil ek vir my kind gun.

S.P: Ek wou graag gaan werk vir 'n huis vir my kinders. Ek wil graag hê dat my twee kinders saam moet groot raak soos broer en suster. Ek wil graag vir hulle die beste gee.

M.O: Ek wou altyd 'n huisvrou wees en ek is vandag een. Dit is lekker om agter die kospotte te staan. Dit is al wat ek kan sê.

Facilitator: Ek weet nie of u agter gekom het dat twee van u-hulle wou verpleegsters word om mense te help. En ander het genoem dat hulle hulle kinders wil gee wat hulle nooit gehad het nie. Ek wil u ook net vra of u die lewe weer in 'n positiewe lig sien en hoekom. Daar is darem lig aan die einde van die tunnel, Voel u daar is so iets in die lewe nou?

B.M: Ek voel daar is 'n uitkoms. My rede is, met al die ondersteuning van die maatskaplike werkers, van al die mummies wat hierso sit, die telefoon nommers, kan ek dit maak. As ek voel ek is bedruk met 'n probleem, dan kan ek 'n stappie vat na die naaste een toe, en ek kan gesels.

S.P: Ek kan sê daar het lig in my lewe ingekom. Ek voel om te lewe. En dan my familie saam met my staan.

I.T: Ek voel daar is lig vir my, vir almal wat ek nou kom ontmoet het hier. Ek voel nie meer so bedruk nie. Die rede hoekom ek ook lig voel is dat ek nie vir 'n tydjie gewerk het nie, en dat ek nou werk. Ek voel baie soos 'n ander mens. Altyd het alles donker voor my gewees, maar nou sien ek meer lig, want ek het nou my phone nommer gegee en lyk gesels met mense.

L.G: Daar is baie meer lig in my lewe. Ek voel nie meer soos ek gevoel het nie. En ek sê baie dankie vir die mummies wat hulle telefoonnommers gegee het en selfs hulle adresse gegee het sodat ek kan kontak maak met hulle. Ek wil baie dankie sê Jaylene vir jou. Baie dankie.

R.J: Ek voel dat ek lig voel. Ek wil baie dankie sê vir die sessie. Ek kon my hart uitpraat met julle. Soos die mense wat hier sit voel ampers soos hulle my familie is.

S.V: Ek voel daar is lig aan die einde van die tunnel, want ek dink daar is help vir my kind. Soos Jaylene vir my gesê het en ek gaan nou daaraan iets doen, om vir haar te help. En ek voel beter omdat ek nou daarvoor gepraat het met die mense. Ek sien almal het probleme, verskillende probleme. Ek voel as ek bedruk voel, dan kan ek enige een bel, en 'n mens voel beter as jy gepraat het.

M.O: Ek het ook lig in my lewe. Ek sal bly wees as my kinders terugkom. Dit is al wat ek kan sê. Baie dankie.

Facilitator: Ek gaan vir Mrs. Bam 'n kans gee om met julle te deel. Ek hoop wat sy

gaan deel ook vir u bemoedig. Ek gee nou oor aan Mrs. Bam.

Mrs. Bam: My naam is Dawn, my van is Bam. Ek het nou almal julle storie gehoor. Almal se storie het my geraak op different maniere. Ek kan relate met elkeen van u hulle. Laat ek 'n bietjie van myself vertel. Ek is van die Paarl. En soos jy sê jou kind is nie by jou nie, kan ek sê ons het by my ouma groot geword. Ons het baie swaar groot geword, dit kan ek vir julle sê. Vir ons was daar verwyte. My ma het aangegaan met haar lewe in die Kaap. My pa het 'n ander vrou gevat wat alreeds vyf kinders het. Hy kon nie vir ons sorg nie. Hy was baie buite gewees. Ek het dit endure. Ek het vir myself gesê en vir my oudste suster Joan, as ek sestien jaar oud is, dan loop ek weg uit die Paarl. Ek het weggeloop uit die Paarl nie om te verswak nie, maar om te vergoed. Ek het swaar gekry in my getroude lewe. Ek het getrou met 'n drug addict. Hy het my gelos. Ek het my kinders self groot gemaak. Die guns was by my, ek het my kinders by my gehad, daai was een van die vertroosting wat ek die Here baie dankie voor sê.

My kinders het nie by foster mense gebly nie, soos ek by ouma gebly het nie. Dit is nie noodwendig 'n vreemde persoon wat jou kind foster nie, maar jou eie ma. As jou eie ma jou kind foster dan is dit horrible, want hulle doen dit net vir die geld. My man het my gelos toe was my baby vyf maande. Hy sien die kind die eerste keer nadat hy ons gelos het, toe is sy twaalf jaar oud. My kinders ken nie hulle pa nie. Ek het ook 'n companion en hy is baie goed vir my, maar ek sal nooit trou nie. So, wat ek eintlik vir jou sê, moenie despair nie. By die einde van die dag gaan jou kinders na jou toe kom. Hulle moet na jou kom, but you have to work on yourself first and foremost. Probeer soos Jaylene gesê het probeer. Ek kom lank aan waar ek ander mense se kinders groot maak. My ouma het ook ander mense se kinders groot gemaak en gefoster. So, ek ken foster kinders. Ek moet hulle terug stuur aan die einde van die dag, alhoewel dit baie sad is.

Laat ek julle sê, julle kinders wat in pleegsorg is, hulle word goed versorg. Die lelike ouers uitgesluit. Moenie despair nie, julle het almal dan sulke mooi eienskappe. Ek wou ook 'n nurse gewees het as 'n kind. Daai was ook my grootste begeerte, maar omdat daar nooit geld was nie, nooit kos nie. Ooh jene, ek het in 'n horrible huis groot geword. My ma se broers drink en ek kon nie slaap nie. Hulle het baklei met mekaar,

maar ek het volhard. Ek het altyd vir myself gesê: "I was meant for something better", en dit I believe. I believe in it. Ek het dit nou nog achieve wat ek wou achieve het nie, but through the grace of God, my children and I achieved. Daar gaan my baby dogter, sy is bestem vir groter dinge. Eendag gaan julle my kind op die t.v. sien. Either gaan sy 'n news reader wees or she is going to be a t.v. star, that I know.

As ek terugkyk na my kinders, dan dink ek hoe swaar ek gehad het. Mense sal dit nie glo nie, want ek lyk nie so nie, en ek hou nie my so nie. So is it in you, in all of us. Dit maak nie saak nie. Ons kan miskien nie almal dieselfde wees nie, but ons het almal mooi eienskappe. En beauty, is not in the outer, but what is inside of jou. Moenie moed opgee nie. Moenie. Ek was pregnant met my baby toe slaap ek in 'n kar. Deur al my swaarkry was ek baie proud. And I am a very independent person. That's why, so if you work you dont need to depend on another person, or other people. Jy voel nou lekker né I.T., want jy verdien jou eie geld. Jy maak en doen net wat jy wil. Al is dit min geld, daai min is gebless en dit sal stretch. First, jy moet onthou, alles wat met jou gebeur is vir 'n doel. Whether it is good or bad. It has a reason. Maybe moet die goed met ons gebeur sodat ons betere mense kan uitdraai. Ek het lekker afgekoel met biere. Aan alles kom daar 'n einde. En toe my kinders groot word toe sê ek vir myself: Dawn, stop. Ons almal is in fact in dieselfde boat, maar bid aanhoudend. My kerk speel 'n groot rol in my lewe, dit gee my saligheid, peace of mind. Ek het baie uitgemis in terme van my kerk. Maar ek wil vir almal sê: R.J., I.T., S.P., L.G., M.O., B.M. en S.V., moenie moed verloor nie.

Facilitator: Baie dankie vir wat Mrs. Bam met julle gedeel het. Ek hoop julle onthou dit en dra dit saam deur u lewe. Wat uitgestaan het is, moenie moed verloor nie, ons kan dit maak deur die lewe.

Facilitator also issued each member with their certificates and a copy of the list of contact details of each group member to them.

END OF SESSION